

BIDBEERTJIE- BIDDERS, BREIERS, BLESSINGS, BESTEMMINGS EN BORGE: Bidbeertjiesbrei en hoe jy deel kan wees.

‘n Bidbeertjie is nie ‘n gewone gebreide, kinnertjiebeer nie. Bly nie in ‘n speelgoedkas nie. Bidbeertjies bring ‘n boodskap van Jesus, *bless*, troos, troetel, luister en sê dankie - ‘n beste vriend vir elke mens..

God sorg vir: Bidders, breiers, *blessings*, *borge* en bestemmings .

BIDDERS: Almal wat by Bidbeertjies betrokke is.

BREIERS (Teddietannies) word deur God geroep om tot Sy eer Bidbeertjies te brei en te versprei.

Wanneer die Heilige Gees die behoefte in jou plant, om met bidbeertjies Jesus se boodskap uit te dra en mense daarmee te seën , plaas jy jou hart, hande, breipenne en wol in die hande van die Heilige gees. LEER JY WONDERWERKE RAAKSIEN EN BELEEF. Maak die roepteks, Openbaring 3:8 jou eie, want dit is vir jou.

Terwyl ‘n teddietannie ‘n bidbeertjie brei, gesels sy met God oor die ontvanger van dié bidbeertjie se voete, bene en hele lyf en belowe om gereeld vir elke ontvanger te bid. Agter die Bidbeertjie se rug, in ‘n rugsak, is ‘n bidbriefie met alles waaroor die tannie met God gesels het.

Patrone is beskikbaar in Afr. Eng en ‘n Gridpatroon met ondersteunende tekse en ander inligting op www.bidbeertjie.com

Teddietannies seën mense met die beste wat hulle het- Jesus se boodskap en ‘n bidbeer toegedraai in gebede. Die bidbreier weet nie waar en vir wie dié *wolkind* gaan *bless* nie, maar God weet.

BLESSINGS: *Bidbeerblessing* werk wyd.

Vir die breier beteken dit tyd in die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Brei is terapie. Bid+ brei is dubbele terapie m.a.w. ‘n dubbele *blessing*

Vir elke mens wat na die bidbeertjie kyk, is Jesus se boodskap sigbaar. Sy boodskap is in ‘n rooi hartjie op die bidbeer se borsie (Jesus loves me. John 3:16) ook die onthou dat daar iemand is wat vir die ontvanger bid.

2.

The Prayer bear carries Jesus' message on its chest. John 3:16 JESUS LOVES ME. This message is for every person looking at a prayer bear. Those not able to read, need to hear it just once, then they're able to read it, understand, believe and remember it.

BESTEMMINGS:(UITREIKE)

PERSOONLIKE-uitreike: Bid dat die Heilige Gees vir jou die ontvanger sal aandui en ontvanklik sal maak vir die bidbeer, die boodskap en vir jou voorbidding. Vertel van jou *blessing* terwyl jy dié bidbeertjie gebrei het.

Bid, brei, **vertel** en gee weg. Begin by eie gesin, familie en mense wat God oor jou pad bring. God het belowe: Openbaring 3:8 (Hy sal die deure oopmaak)

Laat die heilige Gees lei om elke bidbeertjie by sy/haar bestemming uit te bring. Sorg altyd vir 'n paar ekstra bidbeertjies beskikbaar vir noodversoeke.

GROEP-uitreike: Voordat uitreike beplan word, bid daarvoor en vra God wie, waar, wanneer en asb. 'n sterk bid en breitanne-basis. Maak 'n goeie hoeveelheid bidbere bymekaar voordat jy datums vasmaak vir enige uitreik. Breiers moet genoeg tyd hê om met God te gesels sonder onnodige druk om getalle bymekaar te maak. Dis die oorfloei van persoonlike uitreike wat saamkom om groep-uitreike te vorm.

BORGE:

God voorsien borge wat help met verskeie bydraes: donasies, wol, stopsel, koerierkoste, drukwerk en algemene uitgawes. Die ideale is dat 'n onafhanklike persoon die verkoop, donasies en uitreik-skenkings behartig.

Loof en Prys God vir elke goeie gawe en die lekker van om bidbeertjies tot Sy eer te brei. Soli DEO Gloria!

Wanneer Bidbeertjies skooltoe gaan: Bid, bid bid!

Die Heilige Gees inspireer altyd iemand om as kontakpersoon by 'n skool of instansie op te tree.

Maak 'n afspraak met die skoolhoof en brei vir hom/haar 'n spesifieke bidbeertjie in skool/sportkleure .Oorhandig hierdie boodskapper, met die bekendstellingsbesoek aan die skoolhoof en gesels oor 'n moontlike blessing/uitreik vir sy personeel en leerders.

We asked God to enable us to put a prayer bear in every class to bless you. So every teacher will pick a prayer bear for his/her class which will be a reminder of Jesus' message and that there is someone praying for parents, the principal, staff members, assistants, gardeners, cleaners and every child .

WENKE VIR 'N BIDBEERTJIE IN DIE KLAS?

1. Juf/Mnr bid en vra dat die Heilige Gees vir u sal inspireer wat om met U bidbeer te doen.
2. Die bidbeertjie sit net in jou klas, sy boodskap vir almal sigbaar.
3. Leerders kan aangemoedig word om die boodskap hardop te herhaal.
4. Leerders wat getraumatiseerd, bang, bekommerd , kwaad of hartseer skooltoe kom, kan die bidbeertjie vashou, troetel en gedurende skooltyd met bidbeertjie gesels en van die “sleg” of “lekker” vertel.
5. Moedig leerders aan om ouers van die Bidbeertjie en sy Boodskap te vertel.
6. Die bidbriefie kan gebruik word om vir familie, vriende, juffrou, meneer en vir haar of homself te bid.
7. Bidbeertjies gaan ook vir 'n “sleep over”. Indien hy/sy op sy pad verlore raak of op 'n ander plek gaan werk, bidbrei ons nog een.